

DIE INVLOED VAN DIE MODERNE SAMELEWING OP DIE

AFRIKAANSE WOORDESKAT EN UITDRUKKINGE

Verhandeling

ingedien ter gedeeltelike nakoming  
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

)  
aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

(Departement Afrikaans-Nederlands)

deur

ANNA ELIZABETH FOURIE

1970

INHOUD

Voorwoord	v
<u>Hoofstuk 1</u>	
TAAL AS BIJHELSINGSMIDDEL	1
<u>Hoofstuk 2</u>	
BEGRIPEBEPALING	6
<u>Hoofstuk 3</u>	
LOGALITET	13
Die logaliteit van die woord	
Die logale waardes van die woord	
Die ontstaan van die spreekwoord	
Byvoeging van nuwe logalitetsdimensies	
Oerspanning van omgewings- en tydgrens	
<u>Hoofstuk 4</u>	
PLEK WAT SPREEKWOORDELIKE GEBRUIK IN VOLKSTAAL EN BY VOLKE BUKLEË	25
<u>Hoofstuk 5</u>	
DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VERNUWING	30
Vraag en aanbod	
Vaktaal en nuwe uitdrukkinge	
Die rol van Anglismes	
<u>Hoofstuk 6</u>	
UITDrukkinge wat aan die moderne leefwyse ontleen is	37
Nederlandse uitdrukkinge en sogswyses	
Afrikaanse uitdrukkinge en sogswyses	
Tegnologie en wetenskap	
Elektrisiteit	
Radio	
Telefoon	
Motor	
Vervoerwese	
Mediese wetenskap	
Moderne wetenskap	
Internasionale politiek	
Maatskaplike gebied	

VOORWOORD

Hierdie studie is hoofsaaklik aangepak weens 'n besondere belangstelling in die lewende taal. Daar lê 'n wye, interessante geskiedenis in die spreekwoordeskaf en uitdrukkinge van elke taal oopgesluit. Hierdie ondersoek is op die gebied van die spreekwoordelike gedoen.

Afrikaans het hoofsaaklik as 'n boeretaal ontstaan en ontwikkel; gevvolglik is daar baie uitdrukkinge en segswyses wat aan die plaaslike ontleen is. Die Afrikaners het egter later ook na die stedelike gebied verhuis. Die moderne lewe, met sy wetenskap en tegnologie, stel steeds nuwe eise aan die taal. Noodwendig moet hierdie toestand 'n uitwerking op die spreekwoordeskaf en uitdrukkingswye uitoefen.

Hierdie studie is gebaseer op nuwe Afrikaanse uitdrukkinge en segswyses wat in die twintigste eeu ontstaan het. Die doel is verder om vas te stel of sulke nuwes die oues vervang, of hulle werklik blywende waarde besit en of hulle net aan tyd en plek gebonde is - eendagsvlieë wat later weer verlore sal gaan.

Hierdie werk sou nie begin en voltooi kon word sonder die gewaardeerde bydrae van die volgende aan wie ek my oopregte dank verskuldig is nie:

- (a) Prof. H. Venter, wat as my leier opgetree het, op wie se we-

## HOOFSTUK I

TAAL AS BEHEERSINGSMIDDEL

Taal is 'n middel waarmee die mens sy (lewens)milieu beheers.

Die woord is die middel waarin die mens so denke, sy logos, sy beheersing van die wêreld waarin hy lewe, uitreik na gestalte en verwesenliking.

Dit is egter duidelik dat die mens nie in die eerste plek met selfvergestalting en selfverwesenliking besei is nie maar met roepingswerk, uitvoering van sy beheersingstaak wat aan hom opgedra is. En omdat God, by wie die ewige Woord is, deur die woord van sy mond die skepping; in aansyn geroep het, kan die mens, die beeld van God, met die woord van sy mond benoem en beheers, die geskape skepping vir sy beheersingsdoel weer omskop tot woord. Die mens se woord is in eerste en laaste instansie van God se woord afhanklik.

"God, wat self nie aan ruimte en tyd gebonden is nie, het egter sy skepping in ruimte en tyd gestel, en binne die dimensies van ruimte en tyd beweeg die mens en voor hy sy beheersingsfunksie uit en beweeg ook sy taal".<sup>1)</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat in taal die ruimte en die tyd waarin die mens hom bevind, weerklaats

1. Venter, H. Taal as beheersingsmiddel. Rode by aanvaarding van professoraat in Afrikaans-Nederlands aan die P.U. vir C.H.O., 17.2.61. p. 10.

word, neerslag vind, vergestalt word. Maar dit lê ook aan die wese van die taal dat dit, soos die mens so gous, geskik is om tyd en ruimte te oorspan, om oor tyd en ruimte heen te reik.

Taal is nie in die eerste plek en net kommunikasiemiddel nie en het ook nie in eerste instansie uit die maatskappy voortgekom nie. Dit is daarom duidelik dat die mens sy taal nie eers as verkeersmiddel gebruik nie, maar hy gebruik dit om sy beheersingsopdrag uit te voer, 'n beheersing wat eers individueel moes geskied en eers daarna - maar ook nie altyd nie - gemeenskaplik.

Taal is dus nie in die eerste plek 'n sosiale verskynsel nie maar 'n individuele beheersingsmiddel, 'n middel waarmee eers die individu en daarna die gemeenskap sy lewensuniversum beheers. Hiermee word egter nie die kommunikatiewe bruikbaarheid en gebruiksmoontlikhede en funksie van taal ontken nie, net die primaat daarvan word ontken. Neologismes soos spectnik, kernbom, muggiemotor, straaljagter, kernreaktor, dwelmkramer is oorspronklik deur een mens gebruik, daarna is die woord in die algemene omgangstaal gesig.

Die moontlikhede van kommunikasie is nie afgelei uit 'n beheersingsbehoefte van die maatskappy nie, maar dit is die gevolg van die uitvoering van die beheersingsopdrag deur die individuele mens. In die grond lê altyd die feit dat die mens het vir taal nie 'n medemens nodig nie, want hy beheers sy wêreld deur sy eie taal.

Die geskiktheid van taal om kommunikatief gebruik te word be-

vorder die beheersing van die skepping in belangrike mate. Dit maak die oordra van ervarings en bevindinge moontlik: eerstens kan 'n hele gemeenskap in die ervarings en bevindinge van enkelinge deel, tweedens kan ervarings en bevindinge van vorige geslagte aan volgandes meegedeel word.

Die beheersingsvaardighoid van taal word ook verhoog daar dat die moontlikheid van oordrag van taal in kommunikatiewe gebruik haas onbeperk is, en daar is geen ander middel wat soveel oordraagbaarheidsmoontlikhede as die taal het nie.

Taal word beperk deur die mens en deur die tyd en die ruimte wat hy beheers. Die woord skakel is byvoorbeeld een van die in mekaar grypende ringe van 'n ketting, dit is 'n verbindingstak tussen 'n reeks verskynsels of opvattings, 'n persoon dien as skakel, in baie sportsoorte kry ons 'n skakol (rugby, hokkie, sokker); jy skakel iemand as jy per telefoon in verband tree; 'n skakel word gebruik om deel uit te maak van 'n elektriese stroombaan. Soms het hierdie woord al sō van die oorspronklike logaliteit los geraak dat dit 'n selfstandige logaliteit kry. Waanneer die woord inskakel gebruik word, dink ons nie meer aan 'n ketting nie maar soms aan 'n stroombaan, soms aan 'n radio, soms aan 'n mens in 'n groep.

Hockett wys op interessante voorbeeldes: Statue of Liberty is die naam van 'n voorwerp in New York, maar dit kan ook betrekking hê op 'n sekere spel in „football”; so verskil die woord bear in logaliteit in die volgende gevalle: Women bear children en I can't

bear the pain.<sup>1)</sup>

Taal kom dus voort uit dit wat in die taalmaker neerslag gevind het. Dit geld vir die "moderne" mens ook, in die besonder dan dat daardie dinge wat sy verbeelding aangryp of waarmee hy daaglik s bedrywig is, sy taal moet beïnvloed. Golflengte word nie net by n radio gebruik nie, ons dink ook aan twee mense wat op dieselfde golflengte ingeskakel is; so praat ons van iemand wat in die hoogste versnelling is. So probeer die mens sy belewenisse op unieke wyse bheers deur sy taal te verryk met terme en uitdrukkinge uit die lewe en bedrywighede wat hom omring. Met die toonemende industrialisering en mekanisering van vandag en met die ontwikkeling van die tegnick en allerklei toepassings van die natuurwetenskappe het daar nuwe woorde en segswyses ontstaan wat vroeër of onbekend of selde gebruik is. So praat ons vandag van 'n gehoor wat geölectriseer word, iemand wat van battery verander ('n ander taktiek volg) of 'n hartoerplanting ondergaan; iemand wat as die kragpunt van die onderneming beskou word.

Elke mens behoort egter tot 'n maatskaplike kring en gebruik die taal soos die meeste lede van die groep. So ontstaan daar in sekere streke afwykende uitspraak, uitdrukkinge, segswyses ens., wat ons streektaal noem. In elke streek of kring doen die woorde en segswyses skakeldiens tussen mense en moet hulle by die lewensom-

1. Hockett, C.F. A course in modern linguistics. New York,  
The Macmillan Company, 1962. p. 172.

standighede aangepas word of aangepas word. Gevolglik kom nuwe woorde en segswyses gedurig voor. Woorde soos elektriesiteit, omotmobiel, rolprent, duikboot, satelliet was vrooër nie algemeen gebruik nie; so ook segswyses soos op iemand se knoppie druk, die atmosfeer van die vergadering is elektries gelaai.

Die bewuste taalmens strewe in die bewuste taalskeppingsdaad steeds daarna om iets op unieke wyse te vergastalt. Die "modernc" mens probeer gedurig om sy taal met woorde en segswyses uit sy daagliks bedrywighede te verryk. Dit is vanselfsprekend dat ons segswyses soos die volgende kry: Hy werk soos n outomat teenoor n esel; soos n vuurpyl hier verbytrek teenoor soos die wind hier verbytrek; so lastig soos n parkeermoter teenoor so lastig soos n vlieg. Die uitdrukking: Hy reageer soos n blitspatrollie is dalk n ekwivalent van so vinnig soos blits. So vind ons die interessante proses van veralgemening téén die gespesialiseerdheid in.

## HOOFSTUK 2

BEGRIPSBEPALING

Alles waarmee die mens in aanraking kom, op watter wyse ook al, word woord, en in die woord dra en bewaar dié mens dit. Iets wat mens byvoorbeeld sien - sê maar 'n huis - leef by jou as 'n voorstelling of 'n beeld. Elke nuwe belewing van huis skuif onder daardie woord in en maak sy draagwydte of lading groter. Daar is baie kenmerke aan huis verbonde. Selfs plekke wat nie vir bewoning bedoel is nie, word mettertyd daardeur godek: bakhuis, dodchuis, pakhuis; 'n blote omhulsel: 'n huisic knoffel; dit raak selfs verwyderd van dié gebou: iemand gaan huis toe (wat met mens te doen het); dit kan op 'n bepaalde vergadering dui: hoërhuis, laerhuis.

As ek sou sê: „Hy het sy huis op 'n rots gebou”, voeg ek nog 'n nuwe facet aan huis toe, nl. 'n figuurlike of simboliese, en ek bedoel nou glad nie meer 'n huis of selfs iets wat met huis geassosieer kan word nie; ek bedoel net: „Hy het goed beplan”, „met godes insig gesorg” - en hiermee kom ons op die terrein van die spreekwoordelike.

Oor die begrip spreekwoord is veel geskryf en meer of minder bevredigende definisies opgestel. Dit is nodig om op die kenmerke van die spreekwoord te let, waaruit dan vanself die vraag na moontlike grenslyne tussen verskillende tipes van spreekwoordelike vorme sal ontstaan.

Onder idiom verstaan ons die volgende: „Vaste uitdrukking,

frase, gesegde van 'n taal, wat eienaardig is of ten opsigte van grammaticale bou of in sy betekenis wat gewoonlik nie logies afgeloai kan word van sy samestellende dele nie".<sup>1)</sup> Hiemstra definieer 'n idioom as volg: "Die segswyse wat nie is aan 'n bepaalde taal, dikwels in die vorm van 'n stukkie beeldspraak of vergelyking".<sup>2)</sup>

Ons het hier te doen met die taaleie, die besondere eiendomlikeid van elke taal t.o.v. sy hele bou en samestelling. So het Engels byvoorbeeld die idiomatiese wyses om te konne te gee dat ek gaan slaap; I am going to bed, waarteen die Afrikaanse idioom is. Ek gaan slaap/bed toe; so kry ons ook die idiomies Eng.: in the palm of the hand, Afr.: in die holte van die hand, ons. Hierdie idiomatiese van 'n taal lê oor die hele ryke verskidenheid van sy bestaan as taal; dit hang dikwels saam met die historiese wording van volk en taal.

In Gesegde is volgens Van Gestel "een zinstukgegeven, dat de valentie heeft van het kernwoord of van een gelijksoortige constructie; dat geen vaste verbinding aangaat met een werkwoord; en dat een vaste formatie is wat betreft woordvolgorde, woordkeus en betekenis".<sup>3)</sup>

1. Schooness, P.C., red. Woordeboek van die Afrikaanse taal, Deel IV. Pretoria, Die staatsdrukker, 1961. p. 483.
2. Ibid.
3. Van Gestel, F.Ch. De omschrijving van spreekwoord, zegswijze, uitdrukking en gezegde. (In Van Haeringen, C.B. e.a. De nuwe taalgids (56): 219, 1963.)

Hierdie vaste struktuur doen as sintagmaat diens. As die kern van die gesegde 'n saakwoord is, soos een vrolike frans, haantje de voorste, dan lingeer die gesegde as 'n saakwoord en kan dus as onderwerp gebruik word.

Soms is dit egter moeilik om oor die karakter van so 'n konstruksie te besluit. As ons byvoorbeeld beweer dat de gulden middenweg herhaaldelik in die kombinasie met die funksiewoord kiezen of bewandelen gebruik word, is dit moeilik om te bepaal of ons hier met 'n uitdrukking of met 'n gesegde te doen het.

Gesegde word ook dikwels gebruik as identies met spreekwoordelike gesegde, maar dit verskil daerin van laasgenoemde dat ons hier nog met die woord in sy primêre logaliteit te make het. Voorbeeldc hier sou wees: Die oumense het gesê: Aanhou wen. Hieruit blyk dit dat daar tog iets is wat die gesegde andersyds van die idiom onderskei, nl. dat dit 'n besondere betrekking op volkswysheid het. Hierdie volkswyshoid is 'n kenmerk van sowel gesegde, spreek, spreekwoordelike gesegde as spreekwoord. Dit is merkwaardig dat veral by die primitiewe volke hierdie verskillende uitdrukingswyses die eintlike bewaarplek van die wysheid is.

Die spreuk staan ook nog op dieselfde vlak as die gesegde daarin dat ons hierin nog die woord in sy gewone, letterlike logaliteit het. Dit verskil daarin van die gesegde dat dit 'n pittige, kernagtige sogswyse is wat 'n sedelos of lewenswysheid bevat, soos Verdam dit stel: „Eene spreek is een zedeles in een korten on

kernachtigen vorm".<sup>1)</sup> Die spreek behoort selde tot die alledaagse gebruikswoordeskaf. Baie bekend is die spreuken van Salomo uit die Bybel, waarvan wysheid is beter as korale 'n voorbeeld is. Hier staan sowel wysheid as korale nog in hulle primêre, eerste logaliteit. In Afrikaans is die spreuken van Langenhoven baie bekend; „Geld is die maatstaf van baie dinge en van baie mense”; „Pasop vir die kortpad: daar is 'n goeie rede hoekom die lang pad nie daarlangs loop nie”.

Die sprekwyse, in Duits sprichwörtliche Redensart genoem, word ook dikwels as identies met spreekwoordelike gesegde gebruik, maar volgens Malherbe<sup>2)</sup> verskil dit daarvan van laasgenoemde dat dit nie 'n „veredelde vorm” het nie, hoewel innerlike vormeienksappe, soos ironie („met Jan Tuisbly se kar ry”) en beeldspraak, aanwesig kan wees. Verdam definieer dit so: „Een spreekwoordelijk gezegde of zegswijze is een onvoltooid spreekwoord; eene zinnebeeldige uitdrukking, doch zonder dat daaraan ten grondslag ligt het streven en een voorschrift van het verstand of eene uitspraak der levenservaring te geven”.<sup>3)</sup>

Volgens Van Gestel is 'n segswyse „een uitspraak waarin een

1. Verdam, J. Uit de geschiedenis der Nederlandsche taal. Leeuwarden, Hugo Surengar, 1890. p. 117.
2. Malherbe, D.F. Afrikaanse spreekwoorde en verwante forme. Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1924. p. 21.
3. Verdam, J. op. cit., p. 117.

subjectief oordeel vervat is; ten minste opgebouwd uit een predicerende woordgroep, waarin het tempus van die persoonsvorm aangepast kan worden aan die context; waarbij soms ook andere elementen vervangbaar en andere elementen dan die gegevene toevoegbaar zijn; en waarin ten minste een der generaliseerde elementen explicet met die context correspondeert".<sup>1)</sup>

Van Gestel noem die volgende voorbeeld. Wanneer iemand sê dat iets die spuigaten uitloopt of beweer dat het hek van die dam is, spreek hy dus 'n subjektiewe oordeel uit. Volgens hom verskil die sogswyse dus in hierdie opsig van die spreekwoord.

Sodra egter rym of parallelisme voorhande is, waardoor 'n uiterlike veredeling tot stand kom, kan daar geen sprake van spreekwyse wees nie. Dic didaktiese streekking ontbrek ook by die spreekwyse, byvoorbeeld: Sy mond verbypraat, iemand in di nck kyk, met sy hand in die hare sit, ons.

Hoe staan die spreekwyse teenoor die kenmerk van 'n spreekwoord as selfstandige geheel wat hy origens as reine uiterlikheid opvat? Dic spreekwoord en die sogswyse verskil daarin dat die spreekwoord 'n onveranderlike vorm het, .... opgebouwd uit een onveranderlike, op een of anderse wijze formeel uitgedrukte, predicerende woordgroep ...",<sup>2)</sup> terwyl by die sogswyse die vorm ver-

1. Van Gestel, F. Ch. op. cit., p. 217.

2. Ibid., p. 215.

anderlik is. Gevalle soos grootpraat is niemand se maat, die sieke dra die gesonde, die mōrestond het goud in die mond is as spreekwoorde duidelik genoeg onderskei van ander soos met die deur in die huis val, iemand op sy plek sit, oor die tou trap (hy het oor die tou getrap, hy het maklik oor die tou getrap), iets holrug ry, nou-strop trek (hulle trek noustrop, jy sal noustrop trek, die kandidate het noustrop getrek), ons., wat in verskillende verband verandering ondergaan.

Maar is hierdie duidelike grenslyn altyd aan te wys? Hoe ver het die afgeronde aanwending van die spreekwyse al tot gevekte gangbaarheid uitgegroei? Ons het hier met grensgevalle te doen.

Van die gras af wees (hulle was amper van die gras af), baadjie uit-trek (die twee het amper baadjie uitgetrek), ons., lê nog duidelik binne die gebied van die spreekwyse. Maar tussen vaste spreekwoord en los spreekwyse in staan byvoorbeeld dis bo my vuurmaakplek, hoewel jy ook kan sê dis bo my (hulle, Pict so) vuurmaakplek of die boek is bo my vuurmaakplek. Prof. Malherbe stel 'n grensrubrick (onvaste spreekwoorde) in hierdie verband voor.

In sekere opsigte stem hulle ooreen:

- (i) Dit is volkslopig, d.w.s. dit word algemeen deur die gemeenskap of volk aanvaar en gebruik. Dit begin altyd by die enkeling en verwyd in gebruiksoef op grond van sekere hoedanighede. Uit die boerdery kom byvoorbeeld die uitdrukking jou rieme styfloop. Dit kom oorspronklik uit 'n baie gewone praktyk by die leer van jong por-

de of osse, waar hulle alleen sover kan beweeg as wat die riem(e) lank is.

(ii) Dit moet ook 'n digterlike vorm hê. Dit beteken nie noodwendig dat dit moet rym nie maar, en veral, dat die woord nou uit sy gewone, alledaagse betekenis geneem en op 'n nuwe vlak gebruik word waar dit simboliese of figuurlike logaliteit het. So lank rieme styfloop in die letterlike sin gebruik word (die jong perd het sy rieme styfloop), is dit nog nie spreekwoordelik nie.

Maar sodra rieme styfloop lingeer dat iemand in die moeilikhed raak, word dit 'n idiomatiese uitdrukking: dit verleen aan die woord 'n nuwe dimensie ('n nuwe faset word aan die logaliteit van die woord toegevoeg).

(iii) Dit spreek vanself dat sodanige uitdrukkinge nie omslagtig moet wees nie maar kernagtig en pittig.

Dis egter nog moeiliker om algemeen geldende grenslyne tussen spreekwyses en metafoor, spreekwyses en spreekwoordelike woord (trap, geswa(w)cl, touwys, klipchristen) wat in verskillende verbande in spreekwoordelike gebruik voorkom, aan te wys.

Die moderne terminologie is nog nie tot dievlak van die spreekwoord getransponeer nie - so 'n waarheid soos Die mōrestond het goud in die mond het nog nie in die moderne uitdrukkingswyses uitgekristalliseer nie. Met betrekking tot die twintigste-eeuse uitdrukkinge kan ons alleen van segswyses praat. Die invloed van hierdie uitdrukkingswyses op die gebruikstaal is egter onmiskenbaar aanwesig.

## HOOFSTUK 3

WOORDLOGALITEITDic logaliteit van die woord

Dic woord is selde iets anders as logos-in-klinkgestalte en as sodanig een van die middelo waarmee die mens sy milieu beheers.

Dic logaliteit van n woord is in die reël meervlakkig. Hierdie meervlakkighoid word dikwels nie deur di sin opgeklaar nie, byvoorbeeld in Die man sit op n bank in Kerkstraat kan bank 'n rusbank, handelsbank, busbank ons. w.e.s. Dic sin stel die woord net in sy kosmiese of werklikheidsrelasie; daarom kan dic logaliteit dikwels makliker uit die verband afgelei word.

Dic woord het n objektiewe logaliteit, d.w.s. wat dit vir al die gebruikers van die taal wat dit ken en gebruik, inhoud. Dic woord het ook n subjektiewe logaliteit waarin al sy belevinge rondom hierdie betrokke woord saamgevat is, en al het baie woorde n heel spesifieke en absolute logaliteit, bv. masjien of satelliet, tog sal masjien vir n werktuigmindige en satelliet vir n wetenskaplike, volgens sy logos daarvan, veel meer inhoud as vir die oningeligte. Dic woord motor het byvoorbeeld sy objektiewe leksikale logaliteit, maar vir elkeen van ons sō motor iets anders op grond van die logos wat hy/sy van die saak (motor) het.

Ons kry tog in Afrikaans woorde wat nie selfstandig logeer nie; hierdie woordgroeppe beweeg op die „idiomatiese vlak”. Ek dink aan voorbeelde soos heinde en ver, kluts kwytraak, op tou sit, wyd en

syd, die vierskaar span, op dreef kom. Die taalmaker kan wel aan die woord 'n bepaalde nuanse verleen en dit dan in dié bepaalde verband gebruik. Die woord stoom het byvoorbeeld 'n hele aantal nuanses: die lokomotief wat stoom, mense stoom binne, iemand blaas stoom af, hy kom hier aangestoom. Almal is homonieme wat nie deel het aan die gelyke logaliteit nie.

#### Die logale waardes van die woord

Daar gaan in die loop van tyd heelwat oorspronklik sinlike voorstellinge verlore daar dat die taalskat onder invloed van gebruik, van faktore van klank- en begripswysiging sy frisheid en aanskoulikheid prysgee en klurloos word; so is die ewig jeugdige krag wat in die menslike spraak lewe, onophoudelik besig om nuwe vorme vir bestaande belewinge te skep, nuwe kleedingstukke om die selfde ou liggaam te dek of by sy veranderde vorm aan te pas.<sup>1)</sup>

Hieroor sê Hockett die volgende: „In every living language, new idioms are constantly being created, some destined to occur only once or twice and then to be forgotten, others due to survive for a long time”.<sup>2)</sup>

Die natuur, die verskillende vorme van lewensbedryf en -omstandighede, die verhouding van mense tot mekaar dra daar toe by dat

1. Malherbe, D.F. Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme, p. 19.

2. Hockett, C.F. op.cit., p. 303.

die woordeskat en uitdrukkinge in die taal gedurig verander, dit langer die stof waarmee die menslike lees sy beeldspraak vorm. Van daar dat knaldepper, skokbreker, masjien, silinder ook op die mens en menslike lewe betrekking kan hê; vandaar dat iemand wat oor die telefoon praat, „die horingbek byt“ of „aan die drind hang“.

Die spreekwoordeskat omvat 'n onuitputlike terrein waarop die volksfantasie ten opsigte van die taal werksum is. Nuwe lewe en aanskoulikheid syfer van hier uit die taalskat binne, en dié aan hierdie treffende beeldinig wat die spreekwoord in hoofsaak sy populariteit dank en waardeur dit tot algemeen gebruiklike taalgoed verhef word.<sup>1)</sup>

Spreekwoorde maak die taal kleurryk. Waar die oorspronklike beeld egor later nie meer bestaan nie, kan hulle maklik verblaak en verdor sodat hulle alleenlik nog 'n bepaalde logaliteit vertolk. Dit gebeur deurdat die oorspronklike beeld nie meer verstaan word nie of aan lank vergane lewenstoestande ontleen kan word (iemand in die steek laat). Soms is die oorsprong van die uitdrukking duister (soos Afrikaans iemand se hand in die as slaan), maar dit het nog genoeg suggestiewe krag om as lewende beelding gedurig weer tot bewussyn te kom.

1. Malherbe, D.F. op.cit., p. 20.

### Dic ontstaan van die spreekwoord

Spreekwoorde en segswyses het hulle ontstaan te danke aan die uiterlike sowel as innerlike lewensomstandighede van 'n volk. die land en bodem, maatskaplik, lewe, lewensbedryf; en sy geestelike gesteldheid: lewensbeskouing, godsdiens, volksgeloof. So vind ons talte uitdrukkinge in Afrikaans wat aan die Groot Trek en die plaaslewe ontleen is. So ontstaan daar vandag oek/nog segswyses wat aan die moderne leefwyse en sport ontleen is.

Spreekwoorde is egter nie die skepping van die volksiel nie. Die spreekwoord of uitdrukking ontstaan as produk van individuele skepping, d.i. Erens moet iemand na aanleiding van 'n gebourtonis of besondere geval, of wél ook sonder sodanige aanleiding, alleen met die intuisie, die treffende uitdrukking of beeldsprak besig.

"The new utterance is a nonce-form, built from familiar material by familiar patterns", soos Hockett dit stel.<sup>1)</sup>

Verdam stel dit so: „Het is de bijzondere vorm, waarin iemand inkleedt d. uitkomst zijner waarnemingen of datgene, wat hij door die ondervinding als waar heeft leeren kennen. Het is als ... uit komst van iemands denken over en zijn waarnemen van een bepaald geval".<sup>2)</sup>

Hockett gee 'n mooi uiteenstelling: „As we go about the business

1. Hockett, C.F. op.cit., p. 304.

2. Verdam, J. op. cit., p. 118.

of living, we constantly meet circumstances which are not exactly like anything in our previous experience. When we react via speech to such partially new circumstances, we may produce a phrase or an utterance which is understandable only because those who hear it are also confronted by the new circumstances. Alternatively, an individual may react to conventional circumstances with a bit of speech which is somewhat unconventional - once again being understood because of context. Given any such novelty, either of expression or of circumstances or of both, the event bestows special meaning on the linguistic form which is used, and the latter becomes idiomatic.<sup>1)</sup>

In die meeste gevalle is dit 'n figuurlike toepassing van 'n bestaande uitdrukking, vgl. vierskaar span, tou opgroot, op 'n nuwe frukwensie ingeskot word, op iemand se knoppi druk. So'n uitdrukking word deur aanhoudende herhaling in 'n onmiddellike omgewing populaer en bren later na ander streek uit. Dieselfde nuwe toepassing kan, veral by consoortigheid van bevolking en lewensbedryf, ook in 'n ander deel of deel van die taalgebied vroeg of later onafhanklik ontstaan. Verbreiding sal in so 'n geval baie makliker voortgaan.

Sodra die behoefte vir 'n uitdrukking of segswysie nie meer bestaan nie, sal dit verbleek, en later kan die oorsprong daarvan nie

1. Hockett, C.F. op. cit., p. 304.

meer nagegaan word nie.

Segswyses wat aan die moderne leefwyse ontleen is, kan ons nog nie as spreekwoorde beskou nie. Hulle word soms net in sekere streeke of maatskaplike kringe gebruik. Die vraag ontstaan: Het hierdie segswyses blywende waarde, of is hulle net plek- en tydgebonden - per slot van rekening uitdrukkingswyses wat later geheel en al sal uitsterf? Sal segswyses soos n saak stoomroller, in n doodloopstraat beland, soos n oorlogstenk hier inbars, n kernaanval op iets maak altyd as segswyses voortbestaan, of sal hulle later convoudig nie meer in hierdie behoeftes voersien nie?

#### Byvoeging van n nuwe legaliteitsdimensie

Legaliteitsonderskeidings in woorde en uitdrukkinge is nie alleen nou aan die innerlike werkinge van die gesverbond nie, maar dit staan ook in noue verband met en werp n interessante lig op die hele geskiedenis en ontwikkeling van n kultuur.<sup>1)</sup>

Die voorstellingsinhoud van die uitdrukking kan onder die invloed van nuwe omgewingsfaktore gewysig word. Voorwerpe waaraan die oorspronklike assosiasies verbond was, maak plek vir ander wat in n nouer verband met die nuwe omgewing staan, bv. Hy werk soos n outomaat teenoor work soos n esel; die nuus uitsaai teenoor die nuus uitblaker; hy is in trurat teenoor op die afdraande pad;

1. Le Roux, J.J. Praatjies oor ons taal. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939. p. 88.

voor 'n rooi lig te staan kom teenoor voor 'n muur te staan kom; n  
blêrkas teenoor n kletskous, lg. vir iemand wat aanhoudend gesels.

Bogenoemde segswysse kom oorspronklik uit die natuur (die skape blêr). Dic woord blêr is later oorgedra (n blêrkas), en nou word dit weer in die segswysse veralgemeen.

Net soos enige selfstandige woord is 'n segswysse ook onderhewig aan logaliteitsonderskeidinge. In 'n uitdrukking wat deur een persoon met die oog op 'n spesifieke saak of omstandigheid of situasie gebruik word, sal noodwendig een sekere aspek daarvan met die spesiale geval geassosieer word. So kan die nadruk op 'n bepaalde aspek daarvan onbewus aanleiding gee tot die aanwending van spesiale uitdrukkinge wat aansluiting vind by die voorstelling wat vir die geval oorheersend is, bv. so dronk soos n blok hout (vir iemand wat roerloos lê); so dronk soos 'n horlosieslinger (as die slingerbeweging sterk opval).

Soms kan dieselfde uitdrukking gebruik word, alhoewel die gesamentlike voorstelling wysiginge ondergaan in soverre die elemente waaruit die voorstellingsinhoud bestaan, duidelik of skerper na vore tree. Dieselfde beeld kan selfs in die uitdrukking gebruik word om teenoorgestelde begrippe uit te druk, vgl. tande soos mie-  
licpitte (mooi en netjies gevorm), geel tande soos mielicpitte (nic skoon nic).

Logaliteitswysiging vind gewoonlik deur nuwe toepassing plaas. So word anker gooi spesiaal tot die gebied van vry of verlief wees

beperk, terwyl die verskuiwing tog nie baie groot is nie, vergelyk Nederlands zijn anker orgens nederleggen (nedergooien), wat reeds die logaliteit „érens korter of langer vertoef“ aangeneem het, as dit nie 'n voortsetting in Afrikaans van 'n ooroenstemmonde uitdrukking in Fries met feitlik dieselfde logaliteit is nie, nl. ik scil myn anker dêr ris útsmitc.<sup>1)</sup>

Verandering in klankbeeld en voorstellingsinhoud gaan saam, vgl. Afr. kort gebaken uit Ndl. kort gebakerd, Afr. ou traan uit Ndl. cude trant.

Die verlore gaan van oorspronklike voorstellungseenheid is 'n belangrike oorsaak van logaliteitswysiging: 'n woord kan in onbruik raak, en daar dit nie meer verstaan word nie, gaan die voorstellingseenheid verlore en is die motief vir wysiging geskep. Soms word die hele voorstellingsfeer uitgewis, sodat die fantasie vry spel het om nuwe assosiasiebeelde te skep.

Toe vaarwater geen duidelike voorstelling meer opwek nie, word dit vaalwater in in iemand se vaalwater kom, met 'n nuwe assosiasiekring wat vir die Afrikaner voor die hand lê en waardeur die oorspronklike voorstellungseenheid verbreek word. Hierby behoort ook in sy kraal te pas kom (dis so in sy kraal) vir Ndl. in zijn kraam te pas komen.

Die voorstellingsfeer kan heeltemal uitgewis word. Prof.

1. Malherbe, D.F. op. cit., p. 44.

Malherbe<sup>1)</sup> noem hier die volgende interessante voorbeeld: Toe die hokse- en duiwelatmosfeer wat die volksgeloof om Blokberg skep, in die nuwe land vervang en uiteindelik verdwyn het, het die bergnaam hoegenaamd geen betekenis meer gehad nie. Daarom was dit nie genoeg om iemand na Bloksberg te verwys nie, maar allerhande wilde voorstellinge omtrou om sy bestaan aldaar word uitgedinks. Ek wou dat jy op Loksenberg (Blokberg) in die hondestal sit wers eet; ek sien jou liower agter Bloksenberg met 'n droë eendvoël en jou ouma se stampblok; ek sien jou op Loksenberg met 'n eendvoël sit en verdroë (voor ek dit doen), ons.

Woorde en uitdrukkinge moet ook gedurig by die moderne lewe aangepas word. Toe vuurstowe vroegs algemeen in gebruik was, kon 'n vrou met reg sê: Skuif die kastrol oor die gat. Maar noudat elektriese stowe in die stede en dorpe gebruik word, sê die vrou soms ook sommer: Skuif die kastrol oor die gat. In hierdie geval is daar egter geen werklike gat nie maar 'n elektriese plek. So is die woord gat op 'n merkwaardige wyse aangepas deur die logaliteit van „kookplek” of „warmste plek van die stoof” daaraan toe te ken. So praat ons van 'n plastiese glas, wat tog geen glas bevat nie; 'n papiersakdoek is byvoorbeeld nie 'n doek nie.

Woorde en uitdrukkinge is egter soepel en taai. Hulle het

1. Malherbe, op. cit., p. 50.

dikwels 'n lang geskiedenis en kry soms met verloop van tyd 'n ander logaliteitsonderskeiding. Woorde bewaar hulle gebruikswaarde en "logaliteit" die langste in spreekwoordelike gebruik – vgl. uitdrukkingswyses soos 'n teerputs, romskoon, wat alleenlik nog spreekwoordelik gebruik word.

#### Oerspanning van omgewings- en tydgrens

Ons het reeds daarop gewys dat dit aan die wese van die taal lig dat dit, soos die mens se gees, geskik is om tyd en ruimte te oerspan.

Elke woord en seugwyse het sy bepaalde oorsprongsterrein, sy besondere gedagte- of sosiale kring waarin dit saam met ander huis hoort. So 'n gedagtekring bevat byvoorbeeld uitdrukkinge vir "vry" of "verliefheid" of "dronkenskap". Dit is 'n spesialisering van gebruik van uitdrukkinge wat dikwels elders hul oorsprong het. Die seemansuitdrukking anker gooï is vir Afrikaans as figuurlike spreekwyse tot die gebruiksfeer "vry, verliefheid" beperk geraak, en uit die skiet- en jagbedryf het die skoot hoog deur hê met sy figuurlike konnotasie in die kring van uitdrukkinge vir dronkenskap gaan kristalliseer.

Sosiale faktore skep ook 'n gebruiksomlynning vir uitdrukkinge, wat eerter in baie gevalle, maar nie noodwendig nie, met die oorsprongsterrein saamval. Alle lewensgebiede verskaf onuitputlike

stof vir oordragtelike aanwending van 'n uitdrukking. Vergelyk:

hy jaag soos 'n renjaer hier verby; hy het maar min vonk in hom.

In baie gevalle sal hierdie oordragtelike aanwending van 'n konkrete voorwerp of dikwels herhaalde werkzaamheid of van 'n bepaalde gebeurtenis waarmee 'n bepaalde uitdrukking verbind word, uitgaan, totdat dit langsaamhand gangbaarheid verkry. Daarna sal die oordragtelike aanwending kom. So het die leier eers baiekeer sy tou voor 'n vinnige span opgegooi wanneer hy nie meer kon voorbly nie, en die gesukte uitdrukking tou opgegooi het eers daarna met sy suiwer sinlike voorstelling en legaliteit ontstaan. Daarna is die uitdrukking as draer van 'n idee uit sy oorspronklike sfeer na enige ander gebied van werkzaamheid met die legaliteit „werk of onderneming staak" oorgeplaas. Die segswyse op lieselfde golflengte inskakel het eers net op die radio betrekking gehad. Later is hierdie uitdrukkingswyse veralgemeen en praat ons nou van „twee persone wat op verskillende golflengtes ingeskakel is" (mekaar nie mooi begryp nie).

Sommige uitdrukkinge, hoewel spreekwoordelik, bly in hul primêre sfeer voortlewe, bv. op die kottintou blaas; gou by die bak maar lui by die werk; oulap se rooi maak mooi; dis die laaste sien; wat jonk is, speel graag; wat oud is, neul graag; wind sny vir iemand, ens.

Baie uitdrukkinge het eers net 'n primêre legaliteit gehad en is later oordragtelik aangewend. Ek dink hier aan uitdrukkinge

soos die volgende: noustrop trek, stadig oor die klippe, kafferpak gee, rouriem, lunsriem, bo my vuurmaakplek, ryswater drink, jongesse inspan, touwys wees/maak, in 'n ander so veld wei, op tou sit, radbraak.

By sommige uitdrukkinge was daar geen primêre voorstelling wat as uitgangspunt gedien het nie. Wie het byvoorbeeld al ooit sy ma vir 'n eendvoël aangesien? Of hoe kan iemand 'n ander in gat in die kop praat? In hierdie gevalle was die spreker se fantasie vry aan die werk.

Nog 'n ontstaansvorm van spreekwoordelike beelding kan met 'n voorbeeld soos hotnotjie doodslaan opgesholter word. Tydens 'n lang reis hou ons dikwels stil om „'n hotnotjie dood te slaan". Met hotnotjie is oorspronklik die swart of gekleurde bottel met drank bedoel. By gebrek aan 'n kurktrekker word die kop teen die wielband stukkend geslaan. Dit is nie die gewoonte om hotnotjies op dié manier van kant te maak nie, en daarom versmelt die slaanhanding en die beeld hotnotjie (onder assosiasie van die kleur) met die idee: drink. Hier het beeld en idee dus gelyktydig ontstaan. Hieronder val uitdrukkinge soos: agteros kom ook in die kraal, hy maak nie hond haar-af nie, hy het die skoot hoog deur, ens.

## HOOFSTUK 4

FLEK WAT SPREEKWOORDELIKE GEBRUIKIN VOLKSTAAL EN BY VOLKE BLKLEE

Woorde, spreekwoorde en gesogdes word, afgesien van inherente cienskappe van vorm en inhoud, veral daar kulturele en ekonomiese faktore soos opvoeding, onderwys, pers, literatuur, verhuisings, verkeer, sport, wetenskap ens. vir gebiedsuitbreiding begunstig.

Spreekwoorde bied 'n interessante verskeidenheid van vormverskynsels, en dit hou 'n regstrekse verband met 'n volk se geskiedenis en omstandighede, sy instellings en gewoontes, sy omgangstyl en lewenspeil.

In die spreekwoord kom voorts ook baie duidelik die volk se hele karakter, sy skiekunde en lewenswysheid, waarin ook baie lewensregels vasgelyf is, soos vermanings, herinneringe, lotgevalle, lank vergelete instellings, na vore. So vind ons die tradisionele wysheid van die Bantoe in sy spreekwoorde weerspiegel. Iemand wat dikwels goeie spreekwoorde op die regte tydstip kan sitter, word bewonder.

Dic hele volksiel word in spreekwoorde blootgelê. Ek haal prof. D.F. Malherbe in hierdie verband aan:

"Daaruit bruis ook op die volk se lewensvrugte, die werksaamheid van sy verbeelding, sy vernuf, skerppte van waarneming, sy oordadige skerts-, spot- en plaaglus, sy onversadigde neiging tot cor-

drywing, sy amper kinderlike genot om uit- en inwendige gebroke van die mens bloot te stel; daarin skitter sy humor en ironie".<sup>1)</sup>

Sprekwoorde is nie massaproduksie nie; intendeel, elke spreekwoord is net een keer geskou in 'n gespesifieke lokaliteit, op 'n gespesifieke tyd en onder bepaalde omstandighede deur iemand wat die talent daartoe besit het. Ons benodig byvoorbeeld honderde woorde in die tegnologie. Hier is sprake van 'n massaproduksie in soverre die behoeftes daar is, maar almal word toe; nie later spreekwoordelik gebruik nie. Dic spreekwoord druk 'n algemene waarheid uit, streef nie na 'n verhewe doel nie maar gaan moestal net die totale som van daglikse ondervinding weer. S.P.E. Boshoff sê die volgende hieroor: „Sprekwoorde is eerder die spontane produk van menslike ervaring as dié uiting van geleerde denkers".<sup>2)</sup>

Uitdrukkinge en segswyses ontstaan hoofsaaklik in die volksstaal. Daar die volkstaal ander kenmerke as die kultuurtaal vertoon, sal ook die volksvergelykings en -uitdrukkinge sekere eisenskappe besit wat dit duidelik van die digterlike en kultuurtaal sal onderskei. By die volkstaal is daar bepaalde aspekte wat sterker op die voorgrond sal treu as wat die geval by die kultuurtaal is.

Ons kan die volkstaal nie beskou as 'n aparte, gesoleerde taal

1. Malherbe, op. cit., p. 24.

2. Boshoff, S.P.E. Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria, J.H. de Bussy Epk., 1921. p. 59.

wat los van die kultuurtaal staan en alleen deur die breë lae van die volk gemonopoliseer word nie. Die volkstaal is nie 'n sorgvuldig afgebakende begrip of 'n noukeurig formuleerbare standaardtaal nie. Dit is 'n wye, veelomvattende begrip wat rekening hou met die sosiale struktuur van die taal, met verskille in streke, stad en familie sowel as met die ontwikkelingstrap en beskawingsgraad van die individu en die persoonsgroepe.

Daar is in Afrikaans nouliks sprake van dialektes; gevolglik kan ons die Afrikaanse volkstaal, in teenstelling met die kultuurtaal, beskou as 'n natuurlike omgangstaal soos dit oral in ons land in spontane en sprankelende gesprekke tot uiting kom.

Prof. B. Kok wys daarop dat daar eers laat in die negentiende eeu, toe die dialektologie belangstelling begin geniet het, besef is wat 'n waardevolle skat van materiaal in die volkstaal opgesluit is, en toe is gesien dat 'n indringende studie van al die gegewens 'n verrassende lig kanwerp op ouer taaltoestande en op die algemene ontwikkelingsgang van 'n taal.<sup>1)</sup>

In alle belangrike werke wat in die twintigste eeu na die Afrikaanse volkstaal verwys, word telkens op die soepelheid en die ongedwongenheid van hierdie taal gewys. Afgesien van die soetvloeienheid, die sangerigheid en skilderagtigheid van die volkstaal

1. Kok, B. Die Afrikaanse volkstaal. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Studierigtigs in die taalkunde. Pretoria, Van Schaik, 1964. p. 175.)

is daar 'n konkreetheid en 'n direktheid van segging wat onmiddellik die aandag trek.

Ons veranderde lewenswyse van die landelike na die stedelike gebied het 'n duidelike en dikwels deurslaggewende invloed op die taal gehad. Bekende woorde en uitdrukkinge het logaliteitsuitbreiding ondergaan, en honderde nuwe samestellings het onder andere tot stand gekom.

Spreekwoorde wat in Suid-Afrika ontstaan het, is in die reël deursigtig en lewer selde probleme wat die herkoms betref. By oor-geërfde spreekwoorde is dit noodsaaklik om die oudste vorme na te gaan om sodoende die oorspronklike logaliteit te bepaal. Verouderde woorde leef dikwels net in spreekwoordelike uitdrukkinge voort, en dit is altyd goed om in gedagte te hou dat sulke uitinge, wat vandag slegs 'n algemene of oordragtelike betekenis besit, oorspronklik meestal in 'n letterlike sin bedoel is en na konkrete gevalle verwys het. So dink ons aan 'n uitdrukking soos kort mette met 'n saak maak, waar mette betrekking op vroë oggendgebede het.

Gedurende die paar honderd jaar van sy bestaan was die Afrikaanse volk oorwegend 'n argrariese en pastorale volk wat weinig met die handel, die nywerheid en die tegniek te doen gekry het. Binne enkelc dekades moes hy sy plek op al die gebiede vol staan en moes hy in en met sy taal voorsien in al die betrokke behoeftes.

Splinternuwe woorde word maar selde geskep, deur terminoloë ewe min as deur woordkunstenaars. Wat die sogenaamde taalskeppers

in werklikheid moestal doen, is om bestaande woorde in nuwe betrekkenisse en funksies te gebruik. Later vorm hierdie woorde deel van die uitdrukkingsvermoë van die volk.

Aan die ander kant is daar woorde in ons tyd waarvan gesê kan word dat hulle so langssamerhand in onbruik raak, miskien omdat hulle die naam van 'n onderwerp is wat uitgedien geraak het en nou deur iets nuwerwets vervang is, of omdat so 'n woord 'n verouderde saak wat eweneens besig is om te verdwyn, voorstel. Aan die ander kant moet onthou word dat, al het 'n gebruiksvoorwerp verouder of in onbruik geraak, dit 'n sekere historiese of kultuurhistoriese waarde kan hê, sodat dit nog dikwels in uitdrukkinge en segswyses gebruik word, bv. Hy is 'n orige jukskei.

Ons lewenswyse het na buitentoe verander om by die moderne lewenstyl aan te pas, on daardeur het talle van die ou gebruiksvoorwerpe verdwyn. So dink ons aan dinge wat vroeger as onmisbaar beskou is maar tans as antikwiteit geld, bv. die kersvorms waarin vet- en waterkerse gomank is, die blaker of kandelaar met die domper of domper daarby en die skêrvormige snuiter waarmee die kerspit gedrig reggesny moes word. Vandaag word snuiter nooit meer in die algemene omgangstaal gebruik nie. Die skakelaar het in die plek van die snuiter gekom, on by sommige elektriese lampe en ander gebruiksvoorwerpe praat ons selfs van 'n aansitter(tjie).

## HOORSTUK 5

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VERNUWINGVraag en aanbod

Aan die end van die negentiende eeu was die taal van die Afrikaner nog toereikend vir sy betreklik klein taalbehoeftes. „Die volkstaal was arm in die tyd toe die volk self nog in 'n afgeslote geestelike wêreldjie geleef het".<sup>1)</sup>

Die beheersing in taal stel voortdurend aan die mens-met-taal eise. Gevolglik moet die mens sy taalvermoë in alle opsigte, op alle vlakke en na alle kante ontgin, eksploiteer.

Aan die begin van die twintigste eeu het die Afrikaners van 'n boerevolk tot 'n kultuurvolk ontwikkel, en die taal moes in nuwe behoeftes voorsien.

Ons dink aan alles wat in hierdie eeu sedert die aanwending van stoom as kragbron in die diens van die mens gestel is, en veral aan die betekenis van hierdie hulpbronne in die nywerheid, die landbou, die boubedryf, die verkeerswese, die krygwese, die mediese wetenskap, ens.

Die ontwikkeling van die maatskappy geskied in velerlei rigtinge, daar die verskillende mensgroeppe aan die een kant hulle in-

1. Coetzee, D.J. Die wisselwerking tussen volkstaal en vaktaal.  
(In Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, 9: Aug. 1952.)

nerlike sosiale struktuur wysig on aan die ander kant met ander groepe in aanraking kom; hieruit volg dit dat die woordeskat en uitdrukkinge op talte wyses by die nuwe toestande en geestestrominge aangepas moet word.

Duisende name word vereis vir alle ontdekings en uitvindings in elke tak van die tegnick (bv. bioskoop en radio), die nuwe of gewysigde instellings op staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en wetenskaplike gebied; alle benodigdhede vir die materiële lewe (woning, voeding, sport, wetenskap).

#### Vaktaal en nuwe uitdrukkinge

Ons lewe in die eeu van die wetenskap en die tegniek, en ons taal moet noodwendig die spore daarvan dra, „maar ons beskaafde boerstaal is nog altyd 'n goeie en gesonde stam om die nuwe op in te ent".<sup>1)</sup>

Die Afrikaner is vroeër hoofsaaklik as 'n boerevolk beskou. Met veranderde lewensomstandighede, die toenemende gebruik van masjinerie en die opkoms van die grootindustrie het die rol wat baie van die beroepe in die samelewing speel, minder belangrik geword en party van die ou terme verlore gegaan. Nuwe industriële weer het

1. Boshoff, S.P.E. Radiopraatjies oor Afrikaans. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1956. p. 40.

meestal deur vreemde bemiddeling na ons toe gekom, sodat ons noulik s'n kans gehad het om 'n eie terminologie in verband daarmee op of uit te bou.

Dic vaktaal het 'n reuscaandeel in die uitbreiding van 'n taal se woordeskat en uitdrukkinge. Sommige vakterme het 'n lang geskiedenis agter die rug en soms is hulle betreklik nuwe woorde wat geskep word, bv. kodak. Woorde en uitdrukkinge wat eers net in 'n bepaalde vak voorgekom het, word later vrycklik in die algemene omgangstaal gebruik. Ek dink hier aan soeswyses soos: op drie silinders loop (motorbedryf); uitklophou toedien (boks); op 'n nuwe frekwensie inskakel (radio).

Met die snelle ontwikkeling van die moderne wetenskap het omstandighede in ons land al hoe meer en al hoe sneller verander. Dic nuwe vervoer- en verkeersgeriewe in Suid-Afrika (stoomskepe, vliegtuie, telegraafdienste, die radio) het ons in nouer en intiemer aanraking met die res van die wêreld gebring. Dic woorde van die rustige plaaslike en die ossewa is nie meer geskik nie. Ek dink hier veral aan woorde soos jukskei (van 'n ossewa), teerputs en lunsriem. Tog vind ons soms nog 'n oordrag van die oue na die nuwe en omgekoerd. Ons praat byvoorbeeld nog dikwels van 'n langwa van 'n motor, die horingbek byt as daar oor die telefoon gepraat word.

Soms kan 'n vakterm heeltemal verdwyn as veranderinge in 'n betrokke bedryf hulle oorbodig maak. Nou dat die ossewa nie meer as

vervoermiddel diens doen nie, gebruik ons nie meer woorde soos rem-skoen, touleier, jukskci nie; hierdie woorde leef net in die spreekwoordeskaf van Afrikaans voort. Ons hoor byvoorbeeld dikwels die segswyses: Dic leisels neem, dic hand aan die ploeg slaan, jongosse inspan sonder om aan die oorspronklike logaliteit van die woorde te dink.

Sommige woorde en uitdrukkinge uit die vak- en tegniese taal wat die Afrikaner wel van die vroeëre plaaslike af ken, pas hy by 'n volgende bedryf aan. Vroëer is daar net gepraat van n skaap wat weggooi as die ooi haar lam los. In die latere delwersbestaan kry ons nou 'n masjien wat weggooi".<sup>1)</sup>

Dic vraag ontstaan: wat is 'n tegniese taal en wanneer hou 'n woord op om 'n tegniese term te wees?

Vyftig jaar gelede was woorde soos film, klankfilm, rolprent, trekker, vergasscr, vonkprop vrywel onbekend in Afrikaans; daarna het hulle as tegniese terme ontstaan, en vandag is hulle so algemeen bekend in die omgangstaal en selfs in die idiomatiese taal dat hulle noulikas as tegniese benaminge beskou kan word; vgl. Die hele affôre draai soos 'n rolprent voor my geestesoog verby. Voor 1945 het ons nog noulikas van 'n atoombom gedroom; "vandag sal ons met 'n vergrootglas na die volksgroepies moet soek aan wie die begrip in sy

1. Coetzee, D.J. op.cit., p. 10.

algemene toepassing en betekenis nog onbekend is, terwyl die woord, natuurlik in sy verskillende spraakvorme, op die lippe van miljoene mense leef", soos prof. Boshoff dit tereg uitdruk.<sup>1)</sup>

Uit die spoorwegtaalkring vind tale woorde en uitdrukkinge hulle plek in die algemene omgangstaal, bv. doodloopspoor, rangeer (in die uitdrukking: hy rangeer my rond en bont), sy stoom is op.

'n Goed voorbeeld van die aanwending van 'n vakwoord in die algemene omgangstaal het 'n tyd gelede herhaaldelik in die pers voorgekom toe Van Jaarsveld se vermoë om onderaardse water en metale te sien, opsien gebaar het. Hy is in die koorante beskryf as „die seun met die x-straloë".

Namate die Afrikaanser in groter getalle tot die tegniese terrein toetree, kan verwag word dat sy algemene woordeskat in toonemende mate woorde uit die vaktaal sal insluit.

Ons vind vandaag heelparty voorbeelde van vakterme wat in die poësie aangewend word, bv. U.J. Vermaan: duikboot en sletmasjien ("Joernaal van Jorik"); traanbom ("Astrak"). Elisabeth Eybers gebruik in "Trombose" woorde soos diktafoon, aandeelhouers; in "Wespark" praat sy van langtermynbologie; radarhart ("Vertrek"); betonmeul ("Op die kruin"); ruimtereise, radar en atoom ("Verjaardag").

Die volkstaal het ook 'n invloed op die vakterminologie:

1. Boshoff, S.P.E. Die vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. T.W.K., 11:17, April 1951.

agteroorslaan (Engels: to loop) (lugvaart); doodloopspoor (Engels: dead end); kop aan kop lig (Engels: abut); skuins wang (Engels: esconson).

#### Die rol van Anglismes

Die Engels- en Afrikaanssprekende bevolkingsdele kom gedurig in noue aanraking met mekaar. Die Afrikaner moet dus baie versigtig wees ten opsigte van ismes, want dit kan op langsame verswelging uitloop. Alle Anglismes kan egter nie geweer word nie. Sommige is moeilik te vermyn en ander is beslis onmisbaar. So het die Anglisme iemand afsien in Afrikaans onmisbaar geword. Tensy 'n mens omslagtig word, bied Afrikaans of Nederlands niks in die plek van hierdie geïeiflike Engelse uitdrukking nie.<sup>1)</sup>

In hierdie verband haal ek prof. Boshoff aan: „Anglismes wat nie met ons taalaard in stryd is nie en nie deur ons taalgevoel verworp word nie, asook dié wat wel met ons taaleie in stryd is en desondanks deur ons taalgevoel aanvaar word, kan as toelaatbare anglismes beskou word".<sup>2)</sup>

Ons vind talle tegniese en wetenskaplike woorde wat aan Engels

1. Le Roux, T.H. Afrikaanse taalstudies. Pretoria, Van Schaik, 1962. p. 250.

2. Boshoff, S.P.E. Radiopraatjies oor Afrikaans, p. 60.

ontleen is, alhoewel hulle oorspronklik leenwoorde uit Grieks en Latyn kan woes. Ons sprook hulle op ons eie manier uit. Segswyses en uitdrukkinge wat gevvolglik later in hierdie verband ontstaan, stem soms heeltemal ooreen met soortgelyke uitdrukkinge in Engels en Nederlands: Hulle is op verskillende frekwensies ingeskakel.

Kan ons dan hier van 'n Anglisisme praat?

As daar 'n bepaalde behoeftte aan 'n woord of segswysse bestaan, sal dit die taal verryk; ander weer is in stryd met die taaleie, taalgewoontes en taalgevoel. Byvoorbeeld: 'n Nuwe mynbestuurder wat in die Brandberg in Suidwes-Afrika aangestel is, het sy werkers se skroef bra streng aangedraai. 'n Elektrisiën aldaar se aan sy medewerkers: „Mnr. .... het ons lekker afgeswitch, hè!“ Uit Windhoek kom die uitdrukking dat die polisie iemand by 'n hoteldeur uitgejetpropel het. Sulke uitdrukkinge is egter suiwer barbarismes, wat heeltemal teen die taalgevoel indruis.

## HOOFSTUK 6

UITDRUKKINGE WAT AAN DIE MODERNE LEEFWYSE ONTLEEN ISNEDERLANDSE UITDRUKKINGE EN SEGSWYSES

In die blad Onze Taal verskyn die volgende interessante Nederlandse uitdrukkinge in die volkstaal:<sup>1)</sup>

1. voor een dubbeltje op de eerste rang willen zitten;
2. een operatie ondernemen;
3. schakelen;
4. motor aanzetten;
5. alle registers openen;
6. een kettingreactie;
7. een tijdbom;
8. een seksbom;
9. diagnose stellen;
10. als een chirurg ontleden;
11. in de hoogste versnelling;
12. freehellen.

Daar is nog baie ander voorbeelde in die Nederlandse taal.

J.B. van Eindhoven (Nederland) gee 'n volgend lysie aan:

1. Anon. Genoeg zoete broodjes. Onze Taal, 33:1-3, Jan. 1964.

1. iets aanzwengelen (ontleend aan de automobiletechniek) = op gang brengen, aan de orde stellen;
2. er zit een draadje bij hem los (elektrotechniek) = hij is niet geheel normaal;
3. een mopje met een vertraagde ontsteking of met een nabrandor = waarbij de hoorders pas laat in de lach schieten;
4. er ging hem een booglamp op = er ging hem een licht op;
5. op een andere golflengte („Vondel zondt uit op een mij vreemde golflengte“ - Gab. Smit) = vanuit een andere gedachtenwereld;
6. afgestemd zijn op (radio); afstemmen op; instellen op = zo georiënteerd zijn of oriënteren dat de informatieoverdracht doeltreffend geschiedt;
7. terugkoppeling (cybernetica) die term wordt in alle wetenschappen en beschrijvingen van maatschappelijke verschijnselen gehanteerd;
8. Deze term wordt veel overdrachtelijk gebruikt ter aanduiding van:
  - (a) een ongewenste, hevige ontlanding van spanning;
  - (b) een ongewenst contact buiten de normale kanalen om;
9. pot-voor-monter (kappersbedryf) = die zit, daar kun je het mee doen;
10. die zit (voetbal) opmerking wanneer iemand raak is afgetroefd. Ook: één-nul!
11. over de band spelen (biljart) = via een tussenfase of tussenpersoon naar zijn doel manuevreren;
12. radartenten = bijzonder lange tonen;
13. een winstpunt boeken (ontleend aan het spel). Ook overdrachtelijk gebruikt;
14. ik heb geen stroom meer = ik ben doodmoe;
15. een total loss = verloren man, verloren zaak;
16. afgeschreven (accountancy) = waardeloos geworden;

17. kneusje. Dit woord heeft een merkwaardige herleving verstoond. Oorspr. gekneusd ei, vandaar persoon die is gehandicapt; later vooral ook slechte tweedehands auto; vandaar weer persoon en ook zaak met gebreken.

Die tweede lys kom uit Vlaandere, van K. de Busschere.

Daar ontstaan wel „samengestelde metaforick” wat aan nuwe beroepe, toestande, werktuie ontleen is. In Nederland kry ons nuwe spreekwyses sowel in dialektiese as in die versorgde taal. Voorbeeld:

Reeds in 1934 bestaan die gesegde „die heeft een fiets” (Landon, Limburg-Brabant) met die betekenis: „dit is iets besonders”.

Baiekeer word in Wes-Vlaandere gesê: „zijn pion (kottingwiol) schiet door”, wanneer iemand se stem oorslaan. Die ou segswyse „een grote lantaarn met een klein lichtje” (n „braniemaker” sonder verstand) kry sy moderne ekwivalent in: „een klein velootje met een grote belte (=schel)”.

Die auto lewer ook voorbeeld op. „Een auto wil geen bier voeren” word algemeen gesê (n motorbestuurder moet geen alkohol innem nie). Vermoedlik n Kompende segswyse is: „Zijn naft is op” i.p.v. „hij is gestorven”.

Uit die Algemeen-Beskaafde taal (radio en pers) kry ons die hedendaagse spreekwyse: „Een ontwerp in de ijskast zetten”, wat iedereen onmiddellik begryp.

n Uitdrukking wat momenteel missien tussen dialek en versorgde taal sweef, kom voor as n Antwerpse segswyse: „zijn frank is niet

gevallen" (hy snap dit nie). Hierdie segswyses het sy ontstaan te danke aan die tallose „automaten in stations en winkels". In samehang hiermee dink ek aan D.J. Opperman se uitdrukking: „n pennieslotmasjien se kake spoeg 'n kaartjie uit".

Baie van hierdie en soortgelyke uitdrukkinge en segswyses kom ook vrylik in die Afrikaanse taal voor.

### AFRIKAANSE UITDrukkinge

#### Tegnologie en wetenskap

Met die cise wat die wetenskap en die tegnologie aan die moderne lewe stel, kom dit noodwendig daarop neer dat die taal met nuwe woorde en begrippe kennis maak, nuwe logaliteitsonderskeidinge moet geheg word aan woorde wat voorheen nie bekend was of algemeen gebruik is nie.

Die natuurlike gevolg is dat daar ook nuwe uitdrukkinge en segswyses in die volkstaal sal ontstaan. Hierdie segswyses wat aan die wetenskap en tegnologie ontleen is, word later deel van die algemone spreekwoordeskat van die Afrikaanse kultuurtaal, sonder om aan die wetenskap en tegnologiese begrip vas te hou.

#### Elektrisiteit

Elektrisiteit speel 'n belangrike rol in die doen en late van

die „moderne” mens. Dit moet noodwendig 'n uitwerking op die taal uitoefen. Waar die koolstoof, die kers, die vuurherd voorheen in die behoeftes van die mens moes voorsien, het elektrisiteit dit nou vervang<sup>1</sup>. Van alle uitdrukkinge wat aan die moderne leefwyse ontleen is, vind ons die meeste met betrekking tot elektrisiteit.

Rondom die skakelaar tref ons 'n hele paar segswyses aan: Wanneer ons die woord inskakel gebruik, dink ons vandag nie meer aan 'n ketting nie maar soms aan 'n stroombaan, soms aan 'n radio, en soms het dit al só van die oorspronklike verband los geraak dat dit 'n selfstandige logaliteit kry. A.C. Bouman skryf: „Ons kuns sal in die toekoms volledig ingeskakel word in die strome wat van die Europese kragsentrum uitstraal".<sup>1)</sup> P.C. Schoonees gebruik die uitdrukking: „Suid-Afrika is .... vir goed uit sy betreklike isolasie geruk en ingeskakel in die ekonomiese wêreldmasjien".<sup>2)</sup> Hierby hoort ook aanskakel en afskakel: „Hy moet eers aangeskakel word voordat hy so vroeg in die oggend kan konsentreer”; „iemand voel aangeskakel by ander” (ook aangesluit); „om afgeskakel te voel”. Ons hoor dikwels die volgende segswyses: „Hy is die hoofskakelaar van die hele organisasie”.

Verdere uitdrukkinge wat op elektrisiteit betrekking het:

1. Schoonees, P.C., red. Woordeboek van die Afrikaanse taal, Deel IV. p. 607.

2. Ibid.

"n saak word belig" (alhoewel dit nie altyd noodwendig na elektrisiteit heenwys nie); „n echoor elektriseer" (boci); „die atmosfeer van die vergadering was elektries gelaai". Sangiro praat van 'n perd wat soos 'n „elektrifiseerde gomlastickbal oor die veld spaander".<sup>1)</sup> Ons praat wel van „elektrisiteit in die lug" as daar van swaar weer, donderweer, gepraat word. Elektrisiteit is egter deel van 'n moderner idioom as wat die „bocretaal" gebruik het.

Ons hoor dikwels die uitdrukking: „Elektriese skok trek dour die menigte toe hulle die nuus hoor". Uys Krige praat van 'n „drang wat elektries dour sy aar ril".<sup>2)</sup> Vergelyk ook: „elektrisiteit in die lug tydens 'n debat"; „op iemand se knoppie druk"; „personne wat kontak maak"; „'n kortsluiting wat plaasvind"; „iemand as die kragpunt van die onderneming beskou".

### Radio

Die radio het vir die hedendaagse mens onmisbaar geword. Ons luister almal daagliks na die radio; voor die radio ontspan die hele gesin, en dit wien as een van die belangrikste kommunikasiemiddels van die moderne leefwyse. Dat die radio dus 'n plek in ons uitdrukkingswyse inneem, is gevoldiglik heeltemal vanselfsprekend.

1. Schoonees, P.C., red. Woordeboek van die Afrikaanse taal, Deel II. p. 517.

2. Ibid.

Ons tref die volgende uitdrukkinge hier aan:

"op 'n nuwe frekwensie ingeskakel word" (wissel van die een onderwerp na die ander);

"nie op dieselfde golflengte ingeskakel wees nie" (verstaan mekaar nie mooi nie);

"op kortgolf ingeskakel wees" ('n vlugtige bespreking hou);

"te kere gaan soos 'n radiokommentator tydens 'n voetbalwedstryd" (baie opgewonde raak);

"die nuus vir almal uitsaai" (oral verkondig) - dit hou verband met die Bybelse uitdrukking: Die Saaier saai die Woord, en hierdie uitdrukking het later op die radio betrekking; nou word dit weer daaruit geneem en veralgemeen;

"iemand wat 'n uitsaaiinstasie is" (wat die nuus versprei).

### Die telefoon

Die telefoon is 'n noodsaaklike gebruiksmiddel van die twintigste eeu. Rondom die telefoon het daar 'n paar uitdrukkinge ontstaan: "om gou draad te slaan"; "oor die draad praat"; "die horingbek byt". Hier is 'n voorbeeld van die oue wat in die nuwe teruggevind word. 'n Horingbek is 'n hoender of 'n soort voël.

As iemand met 'n telefoniese gesprek besig is, word dikwels gesê: "Moenie so lank aan die draad hang nie". Ons dink hier nie meer aan 'n grenslyn nie maar aan 'n besondere wyse van stel van "per telefoon praat". Dieselfde geld vir geswyses soos draad warm hou, die drade laat ons.

Baiemaal hoor mens iemand se: "Skakel my maar as jy hulp nodig het", sonder dat die gebruik van die telefoon daarby bedoel word.

Iemand maak nou die dag die uitlating: „Lyk ek miskien vir jou soos die sentrale dat ek al hierdie inligting moet verskef?“ Van die telefoon kom die uitdrukking: „om afgesny te voel van die res van die wêreld“.

### Dic motor

Alle mense kom daaglik s met 'n motor in aanraking. Daar is trouens baie min gesinne wat nie oor 'n eie motor beskik nie; baie gesinne besit selfs meer as een. Die bus, vramotor, trein en motor het vandaag die ou ossewa en perdewerker vervang. Maar die kinders vroeër nooit lang afstande te voet na die skool moes afleë, word hulle vandaag meestal met busse aangevoerd na skool toe. Vervoerkommunikasie vind vandaag op 'n hoës georganiseerde wyse plaas.

Dic ossewa het 'n roomryke rol in die geskiedenis van die Afrikanervolk gespeel. Dic ossewa het ook duidelik sy stempel op die Afrikaanse taal afdruk. As ons egter 'n lang lys uitdrukkinge en idioome het wat aan die ossewa en die perd ontleen is, tref ons net 'n geringe aantal sogswyses aan wat op die motor betrekking het. Onwilligeurig kom die vraag by ons op: Het die mense van vandaag nie meer 'n behoeftte aan spreekwoorde nie?

Dit is egter onrusbarend hoe die Afrikaanse taal in die motorbedryf misken word. In baie motorsake is die voorstaal Afrikaans, maar waar terme vir onderdele of toerusting gebruik moet word, vind

ons hoofsaaklik die Engelse term. Afrikaanse motorterme het nog 'n groot agterstand om in te haal. Die terme is voldoende, maar veels te min Afrikaanssprekendes maak nog daarvan gebruik. Kan dit dus as cionardig beskou word dat daar nog so min uitdrukkinge van die motor afkomstig is?

Ek het die volgende uitdrukkinge opgespoor wat op die motor betrekking het:

"Elkeen is 'n rat in die groot masjien" ('n onderdeel in 'n groot saak); dit het nie noodwendig betrekking op 'n motor nie, maar is tog van toepassing op 'n moderne masjien;

"ekonomiese faktore wat as skokbreker/-demper in hierdie tyd dien";

"soos 'n renjaer hier verbyjaag" (vinnig en onverskillig);

"iemand is in trurat" (hy gaan agteruit);

"in die hoogste (laagste) versnelling wees";

"iemand wat min vonk in hom het" (geesdrif en deursettingsvermoë);

"iemand is 'n knaldemper in die planne" (hier het ons heel waarskynlik 'n oorgang van domper/demper);

"op die lepel lê" (vet gee) word dikwels i.v.m. 'n motor gebruik;

"van battery verandor" ('n ander taktiek volg, aan die gesprek 'n ander wonding gee);

"hy loop op vyf silinders" (baie ongebalansseerd, nie met volle krag nie);

"op iemand se petrol druk" (aanja).

#### Vervoerwese

Die volgende uitdrukkinge staan in noue verband met die vervoer

in die algemeen; sommige kom vryeliker in die volksmond voor as ander:

"Ons staan voor 'n stopstraat in die werk";

"iets stoomrolier" (oorweldig);

"dissipline wat daarom 'n toegesteken het";

"so lastig soos 'n parkoermeter";

"in 'n enrigtingweg beweeg"; ook die seswyses: "in 'n doodloopstraat beland" (alhoewel dit heelwat ouer is);

"iemand veroorsaak 'n verkeersknoop" as hy byvoorbeeld nie wil opskuif nie;

"voor 'n rooi lig te staan kom" (tot 'n stilstand gedwing word).

Die volgende uitdrukkinge het op 'n trein betrekking:

"iemand op 'n syspoor ranger" of "oral rond en bont ranger".

Daar is baie seswyses wat aan die stoomkraë ontleen is: "Wie kom hier so aangestoom"? "stoom afblaas"; "mens stoom binne".

Hier het dalk 'n verskuiwing plaasgevind van "binnestroom", wat met die natuur verband hou. So kry ons ook die uitdrukking: "Hy reager soos 'n blitspatrollie", wat dalk as 'n ekwivalent vir "so vinnig soos blits" beskou kan word. Die oumense het naby die natuur geleef, terwyl die moderne mens se gedagtegang nie meer so aan die bodem en natuur verknog is nie. Vroeger was die vergelyking "hy werk soos 'n mier/oseel" baie algemeen. Vandaag hoor ons al hoe meer die vergelyking "hy werk soos 'n outomaat".

### Die mediese wetenskap

Die mediese wetenskap het 'n geringe rol in die lewe van die Afrikaners as boerevolk gespeel. Die vooruitgang op mediese gebied in die twintigste eeu is so fenomenaal dat dit oral en heeldag onder bespreking is. Tot dusver is die spore van die mediese wetenskap in ons sprekwoordeskaf egter verbasend gering. Die feit dat baie van die mediese terminologie aan ander tale ontleen is, kan as 'n belangrike rede hiervoor beskou word. Woorde uit die mediese wetenskap word natuurlik al meer gemeengoud: antibioties, voorskrif, ons.

Die volgende uitdrukkinge is in hierdie verband aangoteken:

„n Operasie is nodig om 'n saak reg te stel”;

„iemand sal 'n hartoerplanting moet ondergaan indien hy vir 'n betrokke saak wil kwalifiseer”;

„sit asof hy onder narkose is” (hierdie woord is self nie nuut nie maar die begrip daarvan wel);

iemand se teenwoordigheid kan as 'n „hoofpynpoeier/pyndoder/kalmeerpil dion”.

Voetbalkommentators praat dikwels van die pil wat agter die pale geplant word. 'n Segswysse wat algemeen deur die jong gebruik word, is om alles wat vuil, slordig of lelik voorkom, septies te noem.

### Die moderne wetenskap

Landbou en voeteclt het die vernamste deel van die boerevolk

se ervaringswêreld uitgewerk. Dit het die middelpunt van sy bestaan gevorm. Dit was sy lewe. Daarvan is sy taal die bewys, want hierdie gebied was vrugbaar vir die ontstaan van 'n groot aantal spreekwoorde en uitdrukkinge.

Die oumense se lewenspatroon was rustiger en vryer as die van die moderne mens. Die ou sanna en outydse kanon was hulle belangrikste wapen in oorlogstyd. Vandaag draai die mens se bestaan om die moderne uitvindinge van die wetenskap. Intensiewe navorsing word op die gebied van die verdediging gedoen, en die wedywing tussen die Ooste en die Weste word al hoe heviger op hierdie gebied. Na die vervaardiging van die atoombom kry ons die vuurpyl, satelliet en spoetnik. Amerika se maanlanding span die kroon op hierdie gebied.

Die afgelope tyd, noudat die belangrikheid van die „eie bodem“ vanweë internasionalisering aan die afneem is, is vertaling of leenvertaling van bestaande Engelse of Nederlandse nuutskeppinge dikwels voor-dic-hand-liggend. Gaandeweg sien ons die spore hiervan ook in die spriekwoordeskot van die Afrikaanse taal.

Baie algemeen is die uitdrukking: „Hy het soos 'n atoombom onder ons ingespring“. Ander uitdrukkinge in hierdie verband kom nog nie vryelik in die volksmond voor nie.

„Iemand kan nie met traangas hier vorwyder word nie“ (baie moeilik);

„soos 'n vuurpyl verbytrek“ (baie vinnig);

"soos 'n oorlogstenk deurbars";

"soos 'n spootnik weg spring" (vinnig);

"n plan/skema word gelandeer";

"n kernval op iets mank".

Ons hoor ook die volgende uitdrukking: „Daardie kērel is in 'n wentelbaan om die nooi".

Die woord kettingreaksie word dikwels in geswyses gebruik.

WAT V toon die volgende gebruik aan: „Ek wil alleen enkels van my vrac aan u stel, in die hoop dat hulle .... 'n kettingreaksie van verdere vrac mag ontketten" (Robert Mohr).<sup>1)</sup> „Dan volg onkoerbaar die kettingreaksie van trots na hoogmoed, van hoogmoed na minagting en uiteindelik van minagting na haat" (Die Huisgenoot). „Die sluiting van 'n enkelse myn veroorsaak volgens hom 'n kettingreaksie wat op die ou end vir die land 'n verlies beteken" (Die Burger).

„Oorloë ontstaan gewoonlik wanneer 'n incident 'n kettingreaksie van emosies, verpligtings en onvermydelikhede laat ontstaan" (Die Vaderland). „Die Britse regering .... het die korrespondensie oor die sake aan Lord Kitchener gestuur wat dit op sy beurt aan waarnemende president Schalk Burger gestuur het; hiermee is 'n kettingreaksie aan die gang gesit" (A.N. Pelzer).<sup>2)</sup> „Die huwelikstelsel het tot

1. Snijman, F.J., red. 'Woordenboek van die Afrikaanse taal', Deel V. p. 623.

2. Ibid., p. 624.

gevolg dat die hele stamgemeenskap uiteindelik oor en weer in skuld-verhouding tot mekaar staan - 'n kettingreaksie wat uiteindelik tot by sy beginpunt loop en daarvandaan weer opnuut sy kringloop begin" (Tomlinsonverslag).<sup>1)</sup>

### Internasionale politiek

Die wêreldgebeure druk sy stempel op alle tale af. Afrikaans moet ook die uitdrukkingsmedium vir internasionale betrekkinge word. Uitdrukkinge soos die volgende word dikwels gehoor: „Hulle sal nou sanksies teen my wil toepas"; „Hy saboteer my pogings" (kan ook op krygswese betrekking hê).

### Maatskaplike terrein

Die lewe op maatskaplike gebied het sedert die begin van die twintigste eeu baie verander. Die maatskaplike patroon is anders as vroeger. Die ontpanning en vrytydsbesteding van die moderne mens verskil aansienlik van dié van die boerevolk van vroeger. Die mense het eers baie meer by mekaar gekuier, gesellige byeenkomste gehou en op sosiale gebied meer met hulle medemens gekommunikeer as vandag. Die moderne mens het meer individualisties geword. As gevolg van spesialisasie op maatskaplike en ekonomiese gebied het

hy 'n alleenloper geword. Dic bioskoop is een van die belangrikste ontspanningsplekke vir die mense van ons tyd. Dit het dus tot natuurlike gevolg dat die rolprent ook in die Afrikaner se uitdrukkinge verteenwoordig sal wees. Baie van hierdie woorde is egter ontleenings uit ander tale. Ons kry uitdrukkinge soos die volgende:

„Soos 'n rolprent voor my geestesoog verbydrani”;

„n Oscar met daardie poging wen”.

As gevolg van die gejaagde lewenspatroon van vandaag verdring die prentverhaal in 'n mate die gewone storieboek, sodat daar net vinnig na die verhaal „gekyk” kan word in plaas dat dit gelees word. Iemand maak die opmerking: „Dit klink so fabelagtig soos 'n prentverhaal”.

Die uitdrukking „n ware kletskous” word vandaag heel dikwels verdring deur „n ware blôrkas”.

Die woord mini (miniatuur) word vandaag baie algemeen gebruik. Dit wissel van 'n minirok tot 'n minimotor, en 'n predikant van Potchefstroom het onlangs oor die radio selfs van 'n „minigodsdiens” gesproat.

Met die komst van die tiendelige geldstelsel het nuwe woorde in gebruik gekom, en dit lê voor die hand dat daar uitdrukkinge van die pond, sjicling en pannie na die rand en sent verplaas sal word.

Prof. Kok maak die opmerking dat iemand heel spontaan van 'n praatteloosheid gesê het: „Sy praat land en sand aanmekaar

en koop rand en sent aanmekaar".<sup>1)</sup>

### Sakelewe

Alhoewel die Afrikanervolk oorspronklik 'n agrariese volk was, het hulle geleidelik tot die handel en die nywerheid toegetree. Vandag bekloe baie Afrikaanssprekendes vername poste in die sakelewe en alle Afrikaners kom vandag in mindere of meerder mate met die handel in aanraking. Gevolglik tref ons vandag 'n hele klompie uitdrukkinge aan wat aan die sakelewe ontloen is.

Die oumense het nooit in die aandelebeurs belanggestel nie. Vandag koop duisende Afrikaners aandele op die beurs. Ons tref 'n paar uitdrukkinge hier aan: „niemand so aandele daal by iemand anders"; „sy werk/pogingswerp nie juis veel dividend(e) af nie".

Boekhouerme het ook 'n invloed op die uitdrukkinge en seugswyses van die Afrikaner uitgeoefen. Ek dink byvoorbeeld aan die volgende.

„n Batige saldo by iemand hê";

„n proefbalans wat in 'n saak klop" (goed afloop);

„Dit is die balansstaat van 'n hele agtien dae";<sup>2)</sup>

„die bates en die laste van hierdie optrede";

1. Boshoff, S.P.E. e.a. Kruim en kors. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1964. p. 120.
2. Brink, A.P. Die ambassadeur. Kaapstad en Pretoria, Human & Rousseau, 1964. p. 103.

"tot iemand se krediet (debit) tel".

Die woord afskryf is al baie oud in Afrikaans. Die uitdrukking „iemand in 'n sack maar afskryf“ (buite rekening laat / van hom afsien) staan egter in direkte verband met die afskrywing van goedere/skuld in die sakelowe.

Na aanleiding van die verskering van eiendomme en lewens kry ons die volgende segswys: „Die premie op eksamenvakke is baie hoog“.<sup>1)</sup>

### Diverse

Die volgende voorbeelde groeppeer ek onder een afdeling:  
Die alledaagse woord word soms in 'n omgekeerde situasie gebriuk, bv.: „Die Duitsers het die Engelse lelik geknyptang“; „Die lugmag se duiwchok is weer oop“ (krygswese).

Die name van persone, plekke of gebeurtenisse word dikwels in die gedagtegang van die moderne mens aan 'n begrip gekoppel. Vergelyk die volgende „in Hirosgima word voorspel“; „in regte Hitler x Nero“. Veral onder die jonger geslag word die name van rolprent- en radiofigure gemeengetoed: James Bond, Tarzan, Staal Burger e.a. Hulle word dikwels nuwe simbole, amper soos Bybelse figure voorheen.

1. Van Loggrenberg, N.T. Lösing; op onderrwyshongres. "Welkom, 30 Mei 1969.

Die segswyse „nie mooi kan fokus nie” is aan die fotografie ontleen.

#### Die invloed van sport op die uitdrukkingswyse van die taal

Die Suid-Afrikaner is baie lief vir sport, veral oopligsport. Rugby is die nasionale sportsoort in Suid-Afrika. Daar is bykans nie een Afrikanersun wat nie die begeerte het om 'n rugbybal te hanteer nie. Alhoewel die meeste sportsoorte in Suid-Afrika van internasionale gebied afkomstig is, het sommige sportsoorte al soeie aan die Afrikaner geword dat dit 'n deel van die uitdrukkingswyse van die taal uitmaak. Ek dink hier veral aan rugby en krieket.

#### Rugby

„n Slim aangee in 'n saak”; (Twes persone beredener 'n saak; een persoon gee nie 'n definitiewe antwoord nie, maar gee dit aan vir die volgende persoon);

„n lelike aanslaan” (fout);

„iemand onkant betrap” (in 'n verkeerde posisie) (Ndl. onklaar);

„Die kinders het die onderwyser daarom netjies gesystap” (goeflous);

„in 'n saak gepypkan word” (fop of mislei);

„Hy het die bal lekker agter die pale geplant met daardie opmerking” (die spyker op die kop geslaan).

#### Krieket

„Dit is nou weer my kolfbeurt” (Eng. innings);

"iemand been voor paaltjie betrap in 'n snak" (onverwags, onklaar);

"met 'n snelbouler te doen hê" (iemand wat wakker en vinnig is);

"om uitgeboul te voel" (uit die veld geslaan, uitoorle).

#### Ander sportsoorte

"Die rusverstoorders is nou uitgeknikker" (albasterspel);

"Die antwoord van die politikus was 'n uitklophou vir sy teenstanders" (doodgooier) (boks);

"in die pylvak van die leerplan beweeg" (atletiek).

#### Engelse uitdrukkinge i.p.v. die Afrikaanse

Op elke gebied van die moderne lewe kom die Afrikaner gedurende met Engels in aanraking. Soms word die Engelse woord eers geleer, en dan word die Afrikaanse ekwivalent gesoek. Dikwels voorsien die Engelse woord en uitdrukking sodanig in 'n bepaalde behoeftie dat daar nooit 'n Afrikaanse uitdrukking in die plek van die Engelse gesoek word nie. Ek dink hier byvoorbeeld aan die Engels "speed-wobble" en af-„switch", wat vryelik deur Afrikaanssprekendes gebruik word. Ons vind hierdie gebruik veral in die taal van skoliere en studente, alhoewel almal nie uit die wetenskaplike en tegnologiese lewe kom nie. Ons hoor dikwels iemand sê "Moenie daar staan en idle nie" (doelloos rondstaan); „jy is 'n square".

Namate die Afrikaner meer taalbewus word, sal ons ook op die

gebied van die spraakwoorde meer oorspronklike Afrikaanse uitdrukkinge en segswyses vind om sulke ouwels te bekamp.

## HOOFSTUK 7

OORSIG

Die meeste spreekwoorde is oud en baie oud. Ons besef vers dat iets oud is wanneer dit nie meer vanselfsprekend is nie. Baie van die woorde en uitdrukkinge soos geradbraak, op tou sit, teerputs, tonteldoos het al heeltemal van hul ontstaansfeer verwyder geraak. Ons gebruik 'n uitdrukking soos „self die mes opkom“ heeltemal spontaan, sonder om aan die oorspronklike verband te dink.

Die tydfaktor is ewencens van groot belang. Die hoeveelheid taalerfgoed op die gebied van die spreekwoordelike is ongetwyfeld groot. Ons moet egter onthou dat dit die taalwerksaamheid van eeue is. Nuutskewinge en nuwe segswyses kom daagliks voor, maar dat hierdie woorde en segswyses 'n blywende plek in die spreekwoordeskat van ons taal sal inneem, is 'n proses wat tot dusver nog nie op 'n noemenswaardige wyse plaasgevind het nie.

Het ons tyd dan geen behoefte meer aan dergelike uitdrukkingswyses nie? Teoreties kan die vorming van nuwe segswyses as iets bestendigs en deurlopends beskou word. Taal is tog ook die spel van verbeelding, van beeld. In die moderne lewe is 'n saak miskien anders vir intellektualiste en vir stedelinge as vir minder geleerde of vir die plattelandse bevolking. Of daar nuwe, ontstaande spreekwyses vorendaag kom, daarvoor moet ons gesamentlik met 'n aandagtige oor luister. „Wellicht horen we binnenkort het gras groei-

en en in onse moedertaal die motoren ronken".<sup>1)</sup>

Die vraag ontstaan: Waarom word daar nie meer so baie spreekwoorde en uitdrukkinge geskou soos vroeger nie? Beskik die taal dan oor genoeg uitdrukkinge sodat ons nie meer nuwes nodig het nie?

Die antwoord lê dalk hierin: die moderne mens lewe te gejaagd. Die ervaring verdiep nie meer tot universele lewenswysheid wat in gesogdes, spreekwoorde en spreekwoordelike gesogdes saamgevat en bewaar word nie. Daar is nie meer tyd vir urelange besinning soos vroeger nie. Ons kan ten opsigte van die moderne voorbeeldcde nog net van serswyses praat.

Of hierdie moderne serwyses altyd sal voortbestaan en of hulle net aan tyd en plek gebonden is – eendagsvlieë – en later weer verlore sal gaan, sal alleen die tyd ons kan leer. Dit is egter duidelik dat die nuwe uitdrukkingswyses nie die oue vervang het nie. Hier en daar tref ons 'n moderne ekwivalent vir 'n ou uitdrukking aan, maar die oue het nog steeds blywendc waarde en word nie heeltemal deur die nuwe vervang nie.

Tereg kan gevra word: Sal ons lewe ook vir die nageslag daar-in bewaar word, soos 'n oop boek vir die oue lê as openbaring van die besinnende gees wat in die skat van 'n suiwer taal ook voor die regbank van die oue voor stok gekry kan word? Of sal hierdie tyd,

1. Anon. Genoeg zoete broodjes. Onze Taal 33(1):2, Jan. 1964.

met sy geweldige, haas homelbestormende, natuurwetenskaplike, tegnologiese en sportprestasies taalmatige ontlaaiende battery bevind word wat geen wysheidstroon meer afgegee het nie, in hierdie opsig maar 'n minikultuur was?

BIBLIOGRAFIE

Boshoff, S.P.E. Die vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. T.W.K., nuwe reeks, deel 11, Apr. 1951.

..... Die wonder van Afrikaans as vaktaal. (In du Buisson, M.S., samest. Die wonder van Afrikaans. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1959.)

..... o.a. Kruim en kors. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1964.

..... Radiopraatjies oor Afrikaans. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1956.

..... Uitbou en onderrig van die Afrikaanse taal. T.W.K., nuwe reeks, deel 11, Okt. 1951.

..... Vakterminologie in Afrikaans. (In S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Feesalbum 1909-1959. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1959.)

..... Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria, J.H. de Bussy Bpk., 1921.

..... Wat van ons letterkunde. (In Radiopraatjies opgestel deur die publisiteitsafdeling, S.A. Uitsaaikorporasie. Johannesburg, 1957.)

Breed, J. Die Noord-Sotho sprreekwoord. Koers, deel 3, Aug. 1955.

Brink, A.P. Die ambassadeur. Kaapstad & Pretoria, Human & Rousseau, 1964.

Coetzee, D.J. Die wisselwerking tussen volkstaal en vaktaal. T.V.V., 9(1): Aug. 1952.

De Villiers, Anna. Mooi ou woorde wat weggaan. Die Huisgenoot, 21 Apr. 1961.

Cybers, Elisabeth. Die holder halfjaar. Johannesburg, Constantia, 1956.

..... Negerslag. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, Nasionale Boekhandel Bpk., 1958.

Hiemstra, L.W. Die gebruik van vreemde woorde. (In Taalkundige opstelle van oud-studente aan prof. dr. T.H. le Roux. Kaapstad, H.A.U.M., 1963.)

Hockett, C.F. A course in modern linguistics. New York, The Macmillan Company, 1962.

Kok, B. Die Afrikaanse volkstaal. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Studierigtings in die taalkunde. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1964.)

..... Die vergelyking in die Afrikaanse volkstaal. Pretoria, Van Schaik BPK., 1942.

..... Uit die Afrikaanse spreekwoordeskaf. (In Taal en teken, bundel opgedra aan prof. G.S. Nienaber. Kaapstad, Human en Rousseau, 1963.)

Lecoutere, C.P. & Grootaers, L. Inleiding tot de taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands. Groningen, J.B. Wolters, sesde druk.

Le Roux, J.J. Praatjies oor ons taal. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1939.

Le Roux, T.H. Afrikaanse taalstudies. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1962.

Malherbe, D.F. Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme. Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1924.

Meyer, A.M.T. Die idioom van die geesteswetenskappe. Standpunte, 21:4-13, Okt. 1967.

Opperman, D.J. Astrak. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, Nasionale Boekhandel Bpk., 1960.

..... Joernaal van Jorik. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, Nasionale boekhandel Bpk., 1949.

Reichling, A. Verzamelde studie. Zwolle, N.V. Uitgeversmaatschappij, 1962.

Roux, Anna H. Volkstaal teenoor mestileerde taal. T.V.V., 10(1):1-11, 1953-54.

Schoonees, P.C. e.a. Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1965.

..... Streektaal - voorbeeld en versoek. Die Huisgenoot, 22 Des. 1961.

..... red. Woordeboek van die Afrikaanse taal, deel I - IV. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1,56 1961.

Smith, J.J. Op ons taalakker. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1962.

Stern, G. Meaning and change of meaning. Bloomington, Indiana University Press, 1965.

Snijman, F.J. Struktuur van die woordbetekenis. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Taalfasette, deel 2. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1966.)

..... red. Woordeboek van die Afrikaanse taal, deel V. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1968.

Terblanche, H.J. Die Afrikaanse vakaal. (In Taalkundige opstelle van oud-studente aan prof. dr. T.H. le Roux. Kaapstad, H.A.U.M., 1963.)

..... Nuwe vakwoorde in Afrikaans. (In Taal en teken, opgedra aan G.S. Nienaber. Kaapstad, Human & Rousseau, 1963.)

Van der Merwe, H.J.J.M. Analogie. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleidin; tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1963.)

Van der Walt, M.J. Semantick. (In Van der Merwe, H.J.J.M., red. Inleidin; tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik Bpk., 1963.)

Van Gestel, F.Ch. De omschrijving van spreekwoord, zegswijze, uitdrukking; en gezegde. (In Van Haeringen, C.B. e.a. De nuwe taalgids (56):214-9, 1963.)

Van Zyl, M.S. Die taal van die wetenskap en die tegniek. (In Taalkundige opstelle aan prof. dr. T.H. le Roux. Kaapstad, H.A.U.M., 1963.)

Venter, H. Taal as behoersingsmiddel. Redo by aanvaarding van professoraat in Afrikaans-Nederlands aan die P.U. vir C.H.O., 17 Februarie 1961.

Verdam, J. Uit de geschiedenis der Nederlandsche taal. Leiden, H. Surengar, 1890.

Anon. Genoeg zoete broodjes. Onze Taal, 33(1):1-3, Jan. 1964.

#### Ongepubliseerde lesings

Van Langenberg, N.T. Lesing op onderwyskongres. Welkom, 30 Mei 1969.

Venter, H. Die ougoud van die taal. Lesing by Blommeeklub, Potchefstroom, 16 Mei 1962.